# SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT

***Die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit met sy hoofkantoor op Beaufort-Wes is ten volle verbind tot dienslewering aan die hele Karoo Streek. Toepaslike gekwalifiseerde kandidate word uitgenooi om aansoek te doen vir ondergenoemde vakature.***

## SENIOR SUPERINTENDENT : MEGANIESE WERKSWINKEL

**SALARIS** : Task Posvlak 13 (R325 608 – R422 652 per jaar)
**STANDPLAAS** : BEAUFORT-WES

**KWALIFIKASIEVEREISTES:-**

- Gekwalifiseerde Dieselwerktuigkundige deur 'n suksesvol voltooide 4 jaar Departement van Arbeid goedgekeurde vakleerlingskap
- Alternatiewelik, 'n Ambagsertifikaat na aflegging van 'n ambagstoets ook deur Departement van Arbeid goedgekeur.
- Ten minste 5 Jaar ondervinding in die instandhouding en herstel van grondverskuiwing masjinerie.
- Geldige EC bestuurderslisensie en geldige Openbare Bestuurspermit (PDP).
- Mediese geskiktheid vir fisiese werk.
- Goeie menseverhoudinge.
- Vermoë om toesig te hou oor die personeel en leiding te gee in die funksionering van die Werkswinkel.
- Rekenaarvaardigheid in ten minste MSWord en MSExcel
- Goeie kommunikasievermoë.

**PLIGTE SLUIT IN**: Verantwoordelik vir die beheer en bestuur van die meganiese werkswinkel met al sy personeel, toerusting en werktuie soos toegeken. Daar sal van die posbekleër verwag wrod om ook fisies betrokke te wees by die herstel van werktuie en voertuie.

---

***Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele:*** Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof en siekteverlof, 'n dertiende tjek na 12 maande diens, bydrae tot groepversekeringpremies en hulp met verhuisingskostes onderworpe aan sekere voorwaardes. Toegang tot die Raad se Essensiële Vervoerskema.

Aansoeke in CV-formaat . moet die ondergetekende bereik **voor of op Vrydag, 25 Oktober 2019**. **Aansoeke sonder gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies en bestuurderslisensie sal nie oorweeg word nie.** Indien u geen terugvoer ontvang binne twee maande van datum van sluiting nie moet aanvaar word dat u aansoek onsuksesvol was.

**S JOOSTE : MUNISIPALE BESTUURDER, PRIVAATSAK X560, BEAUFORT-WES, 6970**

Gvz/19/09/30